

# 1

## **JESUS EN DIE KINDERTJIES** **God het my spesiaal gemaak**

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat kindertjies vir God spesiaal is en dat Hy daarom baie lief is vir hulle.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- Jesus maak altyd tyd vir kinders.
- kinders is belangrik vir God.
- kinders is baie spesiaal vir God.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- glo dat hulle belangrik en spesiaal vir God is.
- deur die belewenis van die liefde van ouers ervaar dat God vir hulle lief is.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet die liefde van God teenoor ander uitleef in hul daaglikse lewe.

### **MEER INLIGTING (Lukas 18: 15-17 en Genesis 25: 27)**

In die tyd toe Jesus op die aarde was, het die mense gesê dat klein kindertjies glad nie belangrik is nie. Volwassenes het nie met kinders gepraat nie juis omdat hulle geglo het kinders is nie belangrik nie. Volwassenes het gedink dat kinders 'n mens se tyd mors en daarom moet kinders eenkant wees, weg van volwassenes af, want hulle pla die volwassenes.

Eendag het mense hul kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy aan hulle kon raak. Jesus se dissipels raas toe met die mense. Hulle het gedink dat die kindertjies moet wegbly van Jesus af sodat hulle Hom nie pla nie. Hulle het gedink dat die kindertjies nie belangrik genoeg is dat Jesus met hulle sal praat nie. Hulle het gedink dat Jesus nie tyd het vir kinders nie.

Jesus het egter gehoor dat die dissipels met die mense raas en het dadelik vir hulle gesê dat hulle nie die kindertjies van Hom af moet weghou nie, want *die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle*.

Die mense van daardie tyd het gedink dat kinders onbelangrik en lastig is, maar vir Jesus is kindertjies baie belangrik. Hy wil die kindertjies by Hom hê en hulle pla Hom nooit. Hy het altyd tyd om na kindertjies te luister. Jesus het vir sy dissipels gesê dat hulle die kindertjies nie van Hom af moet weghou nie. Jesus wou hulle by Hom gehad het en Hy wou aan hulle raak omdat Hy lief is vir kindertjies.

Die rede waarom God lief is vir kinders en hulle vir Hom belangrik is, is omdat hulle aan Hom behoort. Hulle is nie net hul pa en ma se kinders nie, maar ook God se kinders.

God het alles gemaak, die aarde, die diere, die son en die maan en die sterre, en ook die mens. Dit beteken dat Hy elkeen van ons ook gemaak het en dat ons daarom spesiaal is. Daar is nie nog iemand wat soos ek is nie. Selfs al is ek een van meerlinge, is ek nog steeds spesiaal en uniek. God het elkeen spesiaal gemaak. God het jǒú spesiaal gemaak.

Daar is nie nog iemand soos jy nie. God het jou baie lief en vir Hom is jy baie belangrik.

## **AANBIEDING**

### **Begin die nuwe jaar**

- Stel jouself voor, groet almal vriendelik en laat hulle welkom voel. Daar gaan dalk ouers teenwoordig wees wat hul kind eers tuis wil laat voel voordat hulle die kind alleen klas toe laat kom. Laat almal gemaklik voel.
- Laat elke kind hom- of haarself voorstel, maar as hulle te skaam is, kan die mamma of pappa die kind en hulself voorstel. Kry vooraf die name van al die kinders in die klas en berei 'n naamkaartjie vir elkeen voor. Sorg ook vir 'n paar leë kaartjies indien daar nuwe kinders aanmeld. Soos die kinders hulself voorstel, word hul naamkaartjies aan hul klere vasgespeld.
- Gee die ouers ook geleentheid om hulself voor te stel, want dit is belangrik dat die ouers mekaar moet ken.
- Verduidelik –
  - elke Sondag se reëlings.
  - dat elke week se opdraggies tuis gedoen behoort te word en dat dit vir elkeen lekker moet wees om dit gereeld te doen.
  - aan die ouers dat daar deur die jaar 4 lesse sal wees waar hulle as ouers en kinders by moet wees. Daar sal ook 4 lesse wees waar die groep van graad R tot graad 3 almal saam sal wees om 'n les te doen. Daar is ook 4 praktiese lesse wat nie noodwendig by die kerk sal wees nie.

- aan die ouers en kinders dat Lesse 6, 12 en 18 eintlik hersieningslesse is. Op daardie dae gaan hulle konsert hou, want hulle gaan al die liedere wat hulle leer sing het en al die slim idees wat hulle geleer het vir IETS OM TE ONTHOU, saam sê en saam sing.
- Kry die register en datums waarop kategese sal plaasvind in orde en sorg dat almal die regte stof vir die nuwe jaar het.

### **Jy het nodig**

- Sorg vir die res van die jaar dat jy altyd die Bybel, 'n skêr, kleurkryt, vetkryt, potlode, A4-papiere en wondergom (Prestik) in jou klas het.
- Lees altyd eers die les deur voor jy prente of figure teken of maak.

### **KOM ONS BEGIN**

Sing Gesang 543: 1 of gebruik dit as 'n gebed.

*Here Jesus, ek is klein,  
maak U self my lewe rein. (Verduidelik wat lewe rein maak beteken.)  
Laat ek altyd van U leer;  
laat ek grootword tot u eer. (Verduidelik wat tot u eer beteken.)*

*O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer. (Verduidelik wat neem my en vorm my beteken.)  
Amen.*

### **VANDAG LEER ONS**

#### **BEGIN SO**

Vra die kinders die volgende vrae en lei hulle om reg te antwoord:

- Wie het jou gemaak? (*God het my gemaak.*)
- Lyk jy soos die maatjie langs jou? Is daar iemand anders wat presies net soos jy is? (*Nee, selfs tweelinge verskil van mekaar.*)
- Het God jou spesiaal en uniek gemaak? (*Ja.*)
- Hoe weet jy dat God jou uniek gemaak het? (*Ons lyk verskillend, ons hou van verskillende dinge, ensovoorts.*)

#### **IETS INTERESSANT**

Vertel die verhaal van die kindertjies wat na Jesus toe gebring is.

#### **IETS BELANGRIK**

Laat hulle die volgende vrae beantwoord en beklemtoon dat hulle vir die Here belangrik is.

- Wie is spesiaal vir die Here? (*Almal van ons. Sê ek is...*)
- Hoekom is ons spesiaal vir die Here? (*Hy het ons gemaak en ons is sy eiendom, sy besitting.*)
- Hoe kan ons met die Here praat? (*Deur hardop of sag in my gedagtes te bid.*)
- Hoe is dit moontlik dat God na ons almal kan luister as ons tot Hom bid? (*God kan alles doen, want Hy is baie anders as ons.*)

### **IETS OM TE DOEN**

- Laat die kinders hul maatjies aanraak deur mekaar 'n drukkie te gee, en wanneer hulle teruggaan na hul ouers, ook vir hulle drukkie te gee.
- Die ouers en kinders sing Gesang 543: 1.

*Here Jesus, ek is klein,  
maak U self my lewe rein.  
Laat ek altyd van U leer;  
laat ek grootword tot u eer.*

*O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer.*

### **BY DIE HUIS**

Laat die kind by die huis 'n foto van hom- of haarself (alleen of saam met ander – selfs saam met 'n troeteldier) in die boek plak. Dit moet so gedoen word dat die kind 'n raam daarom kan teken om te wys hy of sy is spesiaal vir die Here. Een van julle moet ook die kind se naam op die lyntjie wat daarvoor gelaat is, inskryf.

Laat hulle die volgende woorde leer:  
Die Here sê: *Laat die kindertjies na My toe kom.*

### **AFSLUITING**

Sluit af met 'n gebed waarin die Here geloof word omdat Hy ons almal spesiaal gemaak het.

**Belangrik: Rig jou rooster vir die jaar so in dat Les 10, indien moontlik, aangebied word wanneer daar doop in die gemeente bedien word.**